- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Preke
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Potgooi van preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Bekendstellingsvideo
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boeke te koop
- Aanlynwinkel
- Registreer vir epos
- Search


# Hoofstuk van die dag: Josua 12

*Moses, die dienaar van die Here, en die Israeliete het hierdie twee konings verslaan, en Moses het die gebied aan*

*die stam Ruben, die stam Gad en die halwe Manassestam as besitting gegee.*
*Hier volg nou ook 'n lys van die konings van die land duskant die Jordaan, aan die westekant, wat deur Josua en die Israeliete verslaan is … (vers 6 en 7)*

Hierdie hoofstuk is 'n kort opsomming van die verowerings wat onder aanvoering van Moses aan die oostekant van die Jordaan behaal is, sowel as die verowerings aan die westekant van die Jordaan onder leiding van Josua.

Die een en dertig konings en hulle stede wat in die Wes-Jordaan genoem word, is heelwat meer as wat tot dusver beskryf is. Net die hoogtepunte is opgeteken, op só 'n manier dat die hulp van God beklemtoon is. God het sy beloftes nagekom, en Israel kon nou voortgaan om vanuit die vervulde beloftes te leef.

Dit is goed om soms terug te kyk en bestek op te neem van jou lewe en veral dit wat die Here in jou en deur jou lewe reggekry het. Maak vandag tyd om dit te doen.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026